



Tafeldruiwe onder haelnette in die Delmas-omgewing.
FOTO: MEGABOERE

OMGEWING

DELMAS-KRAGSTASIES KAN WATER UIT LOSKOPDAM ONBRUIKBAAR MAAK

TWEE maatskappye wat beoog om kragentrales op die oewer van die Wilgerivier naby Delmas te bou het besluit om hul steun aan die Departement van Omgewingsake in sy regsgeding teen die nie-regeringsorganisasie GroundWork te onttrek.

GroundWork het 'n aansoek in die Noord-Gautengse Hooggeregshof gebring nadat die Departement aan KiPower (Edms.) Bpk. en Kuyasa Mining (Edms.) Bpk. omgewings-toestemming verleen het om elk 'n private kragentrale van 600 MW op te rig. Die Departement van Water en Sanitasie het ook reeds 'n watergebruikslisensie aan KiPower uitgereik.

Die Sentrum vir Omgewingsreg (CER) het namens GroundWork die hof versoek om die omgewingsgoedkeuring ter syde te stel en ook teen die waterlisensie geappelleer nadat drie onafhanklike spesialisverslae gewys het die beplande kragentrale se omgewingsbestuursplan en voorkomende maatreëls is ontoereikend om erge besoedeling van die Wilgerivier te voorkom.

KRITIEK VIR LANDBOU

Die Wilgerivier is van uiterste belang vir die Suid-Afrikaanse landbou. Dit vloei in die Oli-

fantsrivier in, wat op sy beurt in die Loskopdam en Flag Boshielo-dam invloei voordat dit deur die Krugerwildtuin na Mosambiek vloei.

“Die Wilgerivier is relatief skoon en help om die hoë besoedelingsvlakke in die Olifantsrivier tot aanvaarbare vlakke af te water,” sê mnr. Johan van Stryp van Agri Limpopo. Hy is nou betrokke by die monitering van watergehalte en waarsku dat besoedeling in die Wilgerivier die bordjies vir Limpopo en Mpumalanga se boere kan verhang.

“Dit kan hoër besoedelingsvlakke meebring as wat vir voedselproduksie toelaatbaar is.”

Van Stryp se waarskuwing word bevestig in die omgewingsverslag van die vereniging vir water en landelike ontwikkeling (AWARD). Dié organisasie se studies het gewys dat die onder-Olifantsrivier nog vir mens en dier bruikbaar is danksy die relatiewe skoon status van die Wilgerivier.

‘Dit kan hoër besoedelingsvlakke meebring as wat vir voedselproduksie toelaatbaar is.’

STRYD DUUR VOORT

Dr. Steven Campbell, 'n Amerikaanse hidroloog wat ook 'n verslag vir die GroundWork-saak saamgestel het, waarsku dat die mitigasie-stap wat KiPower voorstel om besoedeling te voorkom, heeltemal ontoereikend is en dat oppervlak- en grondwater waarskynlik besoedel sal word.

Hoewel die twee beoogde kragentrales se prokureurs nie meer die GroundWork-aansoek teenstaan nie, is dit nog nie duidelik of die Departement van Omgewingsake sal voortgaan om sy besluit in die hof te verdedig nie. Die aansoek om die goedkeuring ter syde te stel bly dus staan.

Die kragentrales se prokureurs het reeds aangedui dat hulle beoog om opnuut om omgewingstoestemming aansoek te doen.

Die beoogde industriële aktiwiteite hou nie net vir Suid-Afrika risiko in nie, maar ook vir Mosambiek. Die Olifantsrivier voed ook die Masingirdam in dié land. Ten spyte daarvan sê die Departement van Water en Sanitasie in sy goedkeuringsbrief dat die opvangsgebied aan geen internasionale vereistes hoef te voldoen nie.

– JASPER RAATS